

18 September

Johannes 1:43-51

(Teks: 1:46) Kom kyk

Filippus het die Messias gevind! Wat 'n wonderlike gebeurtenis in sy lewe. Hy het geantwoord op sy roepstem: "Volg My". Filippus kon hierdie goeie boodskap nie vir homself hou nie. Hy gaan dus dadelik na sy vriend, Natanael, om hom te vertel van Jesus van Nasaret, die seun van Josef.

Hy loop hom egter vas teen Natanael. Die Messias sou volgens die Skrifte tog uit Betlehem kom en nie uit Nasaret nie. Filippus is so oor-tuig van sy saak dat hy sonder verdere argumentasie net sê: "Kom kyk." Kom oortuig jouself. Dan slaag hy.

Hier lê die geheim ook vir jou profetiese taak.

Eerstens moet jy ook self Jesus gehoorsaam volg en moet jyself die vreugde ervaar om Hom as Verlosser en Middelaar te ken en te volg.

Tweedens hoef jy nie terug te deins vanweë 'n gebrek aan oorredingsvermoë nie. Jy kan maar net oortuig van jou eie persoonlike geloof aan jou vriend, jou buurman of jou kollega net sê: Kom kyk, ek sal Jesus Christus vir jou wys.

Jesus het gesê: "Julle moet in My bly en Ek in julle". (Joh 15:4)

Paulus sê: "nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe." (Gal 2:20)

Jesus moet dus in jou lewe gesien word. Paulus skryf ook: "Ons is die wierook wat deur Christus vir God gebrand word, waarvan die geur dié bereik wat gered word, sowel as dié wat verlore gaan" (2 Kor 2:15).

Gaan daar van jou 'n aangename geur uit en kan jy ook maar net sê: Kom kyk. Kan mense sien hoe die lewende Christus in jou leef en werk?

Sing Psalm 66:7

Ds. S.A. Cillers (Silverton)